

Les Plan Twee Habitats

KRITIEKE UITKOMSTE

KU#1: Identifiseer en los probleme op op 'n manier wat getuig daarvan dat kritieke en vindingryke denke gebruik is om verantwoordelike besluite te neem.

KU#7: Demonstreer begrip vir die konsep dat die wêreld 'n reeks van verwante sisteme is deur die besef dat probleem oplossings nie in isolasie bestaan nie.

LEER UITKOMSTE

LU#2: Die leerders sal kennis dra van, en in staat wees om wetenskaplike, tegnologiese en omgewings kennis te interpreteer en aan te wend.

Sub-vaardighede:

- Waarneming en die herroeping van kennis.
- Verstaan en gebruik inligting.
- Omskryf inligting in 'n nuwe konsep.

ASSESSERINGS STANDAARDE

- Herroep beter
- Kategoriseer inligting om kompleksiteit te verminder en kyk uit vir patrone.

HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Hersien die afdeling oor Habitat in die Graad Vier Lesse;Aktiwiteit 4, bladsy 10.



AKTIWITEIT 1 - Habitat Ring - Aangepas vanaf die Project Wild aktiwiteit - Habitat Skoot Sit

Rangskik die leerders in 'n sirkel, met een leerder se rugkant gedraai na die volgende leerder se gesig en gee aan elke student die naam van een van die habitat noodsaaklikhede nl. ruimte, water, beskutting en voedsel. Laat die sirkel kleiner word totdat die studente naby genoeg aan mekaar is om op mekaar se kneë te kan sit. Verwyder een student en kyk wat die effek op die sirkel is. Verwyder nou al die water en kyk wat die effek op die sirkel is. Dit wys dat daar 'n balans in die natuur is as al vier die elemente aanwesig is. 'n Effense vermeerdering in een van die elemente veroorsaak net 'n effense versteuring terwyl die algehele verwydering van een van die elemente die ineenstorting van die omgewing / habitat veroorsaak. Deur bespreking onder die onderwyser se leiding kan die leerders op hulle eie tot hierdie gevolgtrekking kom.



AKTIWITEIT 2 - habitat pas

'n Verskeidenheid van verskillende habitats word onder aangedui. Elkeen van hierdie habitats bevat 'n verskeidenheid van plante en diere. Die tipe en die hoeveelheid plante en diere wat elke habitat bevat word bepaal deur verskillende faktore.

'n Habitat kan verskeie hoeveelhede voedsel, water, beskutting en oop ruimtes bevat. Aangesien verskillende diere verskillende benodighede het vir elkeen van hierdie faktore, sal elke habitat gewoonlik verskillende tipes diere hê. Dit sal moontlik wees vir een tipe dier om in verskeie habitats te lewe as al sy benodighede voorsien word.

Net soos die dier se afhanklikheid van hierdie faktore die tipe habitat kan bepaal, kan die spesifieke vermoëns en die liggaamsvorm van die dier ook die tipe habitat waar hy sal woon beïnvloed.





Savanne



Woestyn





Vleiland



Reënwoud





Stad



Bewerkte Land



Habitat Benodigdhede

Instruksies: Bestudeer die sketse wat voorsien word van die vyf verskillende habitat tipes en vra die studente om te besluit of elke habitat LAE, MEDIUM OF HOË vlakke van elkeen van die habitat faktore het. Teken die volgende tabel op die swartbord vir die leerders om af te skryf of maak gebruik van die aangehegde studente werkstuk.

Habitat Faktore	Savanne	Reënwood	Vleiland	Stad	Woud
Voedsel					
Water					
Beskutting					
Ruimte					

Dier Benodigdhede

Instruksies: Hersien die "kat" feite wat voorsien is aan die begin van hierdie bron en bepaal die benodigdhede wat elkeen van die diere hier onder het vir hulle habitat. Nadat die Habitat Benodigdhede tabel hierbo voltooi is vra die studente om die mees geskikte habitat van elkeen van die kat spesies te bepaal. Spesiale faktore soos die spesifieke vermoëns en die liggaams tipe mag ook die dier se habitat voorkeur beïnvloed. Teken die volgende tabel op die swartbord vir die leerders om dit in hulle werkboeke oor te skryf of maak gebruik van die aangehegde studente werkstuk.

Dier	Voedsel	Water	Beskutting	Ruimte	Spesiale faktore	Optimale Habitat
Jagluiperd						
Tier						
Leeu						
Huiskat						
Mens						

Nadenkende Vrae:

1. Watter habitat het die HOOGSTE vlakke van habitat faktore? Watter een het die LAAGSTE vlakke van habitat faktore?
2. Watter habitat sal waarskynlik die meeste diere onderhou? Watter habitat sal waarskynlik die minste diere onderhou? Hoekom?
3. Watter ander faktore (behalwe dié in die tabel genoem) mag belangrik wees om te bepaal of 'n dier aanwesig sal wees in 'n spesifieke habitat?
4. Watter vermoë het mense wat hulle in staat stel om voordeel te trek uit meer as een habitat tipe?
5. Verduidelk hoekom die jagluiperd soms verdring word deur die leeu as hulle kompeteer vir dieselfde habitat ruimte.

Agtergrond inligting vir Vraag 5:

Die jagluiperd is 'n nie-aggressiewe kat en vermy konfrontasie. Hulle beweeglikheid is 'n kritieke faktor in hulle oorlewing en konflik met ander roofdiere kan beserings veroorsaak wat hulle oorlewing in gevaar kan stel. 'n Jagluiperd sal dikwels terugstaan as dit gekonfronteer word deur 'n leeu, luiperd of 'n groep hyenas. Dit gebeur dikwels dat die jagluiperd sy prooi of tuisgebied moet afstaan aan leeus en luiperds.

